



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

3-in-1

Rekeningkunde


KLASTEKS & STUDIEGIDS

Ann Botha

GRAAD

12

KABV



Graad 12 **Rekeningkunde** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 12 Rekeningkunde 3-in-1 studiegids bied 'n volledige, stapsgewyse, deurwerk van die Graad 12 Rekeningkunde-kurrikulum. Dit lei jou vanaf die basiese vakbeginsels dwarsdeur tot by die mees uitdagende inhoud. Dit gebruik maklik verstaanbare notas en verduidelikings om die vakinhoud te vereenvoudig en sluit gegradeerde vrae en antwoorde in wat jou in staat stel om jou vordering gereeld te kontroleer.

Sleutelkenmerke:

- Stapsgewyse, metodiese benadering
- Omvattende notas met uitgewerkte voorbeelde per onderwerp
- Gegradeerde vrae en antwoorde per onderwerp
- Eksamenvraestelle en antwoorde met nuttige wenke

GRAAD

12

KABV

3-in-1

Rekeningkunde

Ann Botha

Ook beskikbaar

GRAAD 12
REKENINGKUNDE
2-in-1

- blitshersiening van alle aspekte van die kurrikulum
- eksamenvraestelle met voorgestelde antwoorde

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Notas per Onderwerp
- 2 Vrae en Antwoorde per Onderwerp
- 3 Eksamenvrae met Antwoorde



e-Boek
beskikbaar 


INHOUD

Hoe om hierdie boek te gebruik	i
Hoe om berekeninge te doen	ii

NOTAS

ONDERWERP 1: HERSIENING VAN BASIESE KONSEPTE

Basiese beginsels van Rekeningkunde	1
Die basiese reël van Rekeningkunde	2
Die Rekeningkundige siklus	
Die Hulpjoernale	
Die Hulp grootboeke	
AARP	3
Etiek	4
Interne beheer	5
Interne audit	8



ONDERWERP 2: MAATSKAPPYE (1) – Konsepte, Grootboek en Finansiële State

Agtergrond	9
Akte van oprigting	
Die kapitaal van 'n maatskappy	
Aandeelhouers	10
Direkteure	
Dispuutresolusie	12
Sakeredding	
Voorbereiding van Finansiële State	
Die onafhanklike/eksterne ouditeure	13
Die ouditeursverslag	
Professionele liggame wat ouditeure beheer	14


Geïntegreerde rapportering en King kode III	15
Die boekhouding-inskrywings	
Die Finansiële State van 'n maatskappy	22
Beslote korporasies	24

ONDERWERP 3: MAATSKAPPYE (2) – Kontantvloeistaat, Ontleding & Vertolking

Die Kontantvloeistaat	26
Rekonsiliasie tussen Netto wins voor belasting en Kontant deur bedrywighede gegenereer	27
Ontleding en vertolking van Finansiële State	29
Hersiening van Graad 10 en 11 formules	30
Die formules vir maatskappye	32
Gepubliseerde Finansiële State	34

ONDERWERP 4: TASBARE BATES

Belangrike konsepte	36
Twee maniere om waardevermindering te bereken	
Interne beheer van tasbare bates	37
Etiese kwessies wat met vaste bates verband hou	
Blitshersiening van inskrywings vir bateverkope	38
Blitshersiening van die Tasbare bates Nota	
Tasbare bates – die interne ouditeur se pligte	39
Tasbare bates – die eksterne ouditeur se pligte	



ONDERWERP 5: VOORRAADSTELSELS

Die twee voorraadbeheerstelsels	40
Drie maniere om voorraad te waardeer	41

[5] **Handels- en ander ontvangbare bedrae**

☼ Moet nooit SAID by hierdie syfer insluit nie omdat Belasting sy eie nota het. Werk die verskil tussen hierdie jaar en verlede jaar se syfer vir Handels- en ander ontvangbare bedrae uit om te bepaal of debiteure die maatskappy vanjaar meer of minder skuld as verlede jaar. As hulle meer skuld beteken dit hulle het **nie** betaal nie ☹ en die maatskappy het minder kontant. As hulle minder skuld het hulle betaal ☺ en die maatskappy het meer kontant.

[6] **Handels- en ander betaalbare bedrae**

☼ Moet nooit SAID of Aandeelhouders vir dividende by hierdie syfer insluit nie, aangesien hulle hul eie notas het. Jy sal die syfer vir Opgeloopte uitgawes insluit behalwe as dit vir rente is. Werk die verskil tussen die twee jare uit om te bepaal of die maatskappy hulle betaal het ☹ OF nie ☺.

NOTA 2

KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE

	Netto verandering	↔ 2015	↔ 2014
Bank [oortrekking = hakies! ☼ wees versigtig]	3 500	2 500	(1 000)
Wisselgeld	(200)	800	1 000
Kleinkas	-	500	500
(maak seker dat $3\ 800 - 500 = 3\ 300$)	3 300	3 800	500

☼ Wees versigtig! Die Netto verandering is die **VERSKIL** tussen die twee bedrae. Wanneer die Banksaldo van negatief verlede jaar tot positief hierdie jaar swaai, is die berekening $2\ 500 - (1\ 000) = 3\ 500$. Gaan altyd die totale na: $2015 - 2014 =$ netto verandering.

NOTA 3

DIVIDENDE BETAAL

Dividende vir jaar soos in finansiële state getoon	[1]	(x)	↓
Saldo aan begin van jaar (altyd negatief – sou betaal gewees het)	[2]	(x)	↓
Saldo aan einde van jaar (altyd positief – nooit betaal nie)	[3]	x	↓
Dividende betaal (altyd negatief)		(XXX)	↓

[1] **Dividende vir jaar:** i.e. tussentydse (interim) + finale vir hierdie jaar. Jy sal dit vind in die Behoue inkomste Nota as jy een gegee word **OF** jy sal die tussentydse dividend moet bereken en die finale dividend bytel wat in Bedryfslaste gegee word **OF** jy sal die Verdelingsrekening moet rekonstrueer.

[2] Jy sal die saldo's in die Staat van Finansiële Posisie vind onder 'Aandeelhouders vir dividende'. Saldo aan begin = verlede jaar se finale dividend, en aan einde van jaar = hierdie jaar se finale dividend.

NOTA 4

INKOMSTEBELASTING BETAAL

Inkomstebelasting vir jaar soos in finansiële state getoon	[1]	(x)	↓
Saldo aan begin van jaar	☼ [2]	(x)	↓
Saldo aan einde van jaar	☼ [3]	x	↓
Saldo aan einde van jaar (altyd negatief)		(XXX)	↓

[1] As daar nie 'n Staat van Omvattende Inkomste gegee word nie, vind die syfer deur die Verdelingsrekening te rekonstrueer.

[2] Wees versigtig! As SAID op verlede jaar se Staat van Finansiële Posisie 'n krediteur was, beteken dit die maatskappy moet die bedrag hierdie jaar **betaal** = minder kontant (**hakies**) ☹. As hy egter op verlede jaar se Staat van Finansiële Posisie 'n debiteur was, het die maatskappy verlede jaar te veel betaal en sal hierdie jaar 'n terugbetaling van SAID ontvang = positief omdat geen kontant uitvloei nie ☺, dus geen hakies nie.

[3] Wees versigtig! As SAID op hierdie jaar se Staat van Finansiële Posisie 'n debiteur is, beteken dit die maatskappy het hierdie jaar te veel **betaal** = minder kontant ☹ gebruik dus (**hakies**). Maar, as SAID hierdie jaar 'n krediteur is, beteken dit die maatskappy het nie **betaal** nie = positief omdat die maatskappy steeds die kontant het ☺.



Regdeur die hele Kontantvloeistaat is meer kontant **positief** en minder kontant (**negatief**).

NOTA 5

TASBARE/VASTE BATES AANGEKOOP

Grond en geboue (altyd Kosprys Hierdie Jaar - KP Verlede Jaar)	[1]	(x)	↓
Toerusting (kan KP HJ - (KP VJ - koste van bateverkope) wees)	[2]	(x)	↓
Voertuie	[3]	(x)	↓
(natuurlik altyd negatief = kontant uit)		(XXX)	↓

[1] As die koste van die bate gegee word, is dit maklik om te bereken – trek net af.

[2] As bates verkoop is, moes die maatskappy selfs meer aangekoop het (Toerusting).

[3] As net die drawaarde van die bate gegee word, doen die **5-vingeroefening!** (sien vorige bladsy) Hierdie keer sal die 'x' in '2. Toevoegings' wees.



GEPUBLISEERDE FINANSIËLE STATE

Die Maatskappyewet van 2008 vereis dat alle maatskappye wat aandele aan die publiek verkoop, hul finansiële state moet publiseer. Dit beteken hulle maak hul finansiële state beskikbaar op die internet en/of in die vorm van 'n drukstuk. Hulle publiseer ook 'n uittreksel daarvan in die finansiële pers.

Die direkteur is verantwoordelik vir die opstel van die state en dit moet deur 'n onafhanklike ouditeur geaudit word. Dit is die state wat al die gebruikers, op bl. 13 van *Onderwerp 2* genoem, sal bestudeer.

Die gepubliseerde finansiële state bestaan uit

- Staat van Omvattende Inkomste
- Staat van Finansiële Posisie
- Kontantvloeiastaat
- Die Direkteursverslag
- Die Ouditeursverslag.

As dit die 'Gekonsolideerde' Staat van genoem word, beteken dit dat hierdie maatskappy meer as 50% van die aandele in 'n ander maatskappy besit, en die resultate van die twee is gekombineer. Die maatskappy staan dan bekend as 'n beheermaatskappy en die een wat hy gekoop het word 'n filiaalmaatskappy genoem.

Daar is ook ander state en verslae, maar ons is nie daarmee gemoeid nie.

Staat van Omvattende Inkomste

Hierdie is 'n verkorte weergawe wat net die uitgawes en inkomste toon wat vir aandeelhouders van belang is. *Die een waaroor jy getoets kan word, is die gedetailleerde staat wat al die inkomste en uitgawes van die maatskappy toon. Dit is slegs vir interne gebruik.*

Hoe verskil dit van die een wat ons doen?

- Dit bevat vergelykende syfers vir die vorige jaar sodat wie ook al dit lees, die tendens kan sien.
- Die syfers word afgerond, gewoonlik tot die naaste R1 miljoen.
- Die terminologie is soms verskillend, bv. Verkope word Omset genoem.
- As die maatskappy 'n beheermaatskappy is, is daar 'n kolom wat die inkomste en uitgawes van die Groep, d.w.s. die beheer- + die filiaalmaatskappy se syfers, toon.

Staat van Finansiële Posisie

Dit sal baie meer items bevat as waaraan ons gewoon is en kan van maatskappy tot maatskappy verskil. Al die hoofitems wat ons ken sal daar wees.

Hoe verskil dit van die Staat wat ons doen?

- Die terminologie verskil soms, bv. Grond en geboue word Eiendom, toerusting en voertuie, of Eiendom, fabriek en toerusting genoem.
- Daar is dikwels 'n item genaamd 'Ontasbare bates' onder nie-bedryfsbates. Dit verwys na die klandisiewaarde/organisasiewaarde wat die maatskappy betaal het toe hy die filiaalmaatskappy gekoop het.
- Daar sal kolomme wees vir Groepbates en -laste vir hierdie en verlede jaar as die maatskappy filiaalmaatskappye besit.
- Die Notas tot die Finansiële state wat ons opstel, is slegs vir interne gebruik. Die enigste nota wat getoon word, is die Nota oor Aandelekapitaal.

Die maatskappy ontleed dikwels sy resultate en publiseer die syfers vir

- verdienstes per aandeel (hoewel dit anders uitgewerk word as die een wat ons doen)
- dividend per aandeel
- bruto winsgrens
- bedryfsuitgawes as 'n persentasie van verkope, ens.

Hierdie sal almal met die vorige jaar vergelyk word.

Kontantvloeiastaat

Dit het ook 'n paar items meer as die een wat ons doen, maar dit is basies dieselfde.

Die Direkteursverslag

In hierdie verslag sal die direkteur die bedrywighede van die maatskappy vir die finansiële periode hersien. Dit gee besonderhede van die maatskappy se prestasie sodat die gebruikers 'n beter begrip van sy finansiële posisie kry. Hierdie verslag sal deur die ouditeur hersien word. Dit bied besonderhede oor die hoogtepunte en probleme van die afgelope jaar en 'n aanduiding van wat die toekoms inhou. Dit omskryf ook die maatskappy se betrokkenheid by sosiale en omgewingskwessies om sodoende te voldoen aan die vereistes vir geïntegreerde rapportering soos neergelê in die King Kode vir Korporatiewe Bestuur, d.w.s. King III.

Die Ouditeursverslag

Dit is natuurlik baie belangrik vanuit die oogpunt van aandeelhouders, aangesien hulle seker wil wees dat die state 'n billike weergawe van die maatskappy se sake gee en dat die ouditeure geen bedrog opgespoor het nie. Hulle wil ook seker maak dat die finansiële state volgens die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde opgestel is sodat dit vergelykbaar is met die state van ander maatskappye, selfs internasionale maatskappye. Jy sal die gewone bewoording van hierdie verslae op bl. 13 van *Onderwerp 2* vind.

DIE ANTWOORD

TASBARE BATES	Grond & geboue		Voertuie		Toerusting	
Drawaarde aan begin van jaar	750 000	↔ ↓	237 500	↔ ↓	164 025	↔ ↓
Kosprys	750 000	↑	600 000	↑	250 000	↑
Opgehoopte waardevermindering			(362 500)	↑	(85 975)	↑
Bewegings						
Toevoegings teen kosprys	[A] 1 025 000	↓	[D] 650 000	↓	[F] 35 000	↓
Vervreemdings teen drawaarde			[C] (237 500)	↓	[E] (27 500)	↓
Waardevermindering vir jaar			[G] (130 000)	↓	[G] (25 855)	↓
Drawaarde aan einde van jaar	1 775 000	↔ ↓	520 000	↔ ↓	145 670	↔ ↓
Kosprys	1 775 000	↑	650 000	↑	243 000	↑
Opgehoopte waardevermindering			(130 000)	↑	(97 330)	↑

Werk Vorentoe

- A **Grond en geboue:** Skryf die koste van die gekoopte perseel in en tel dit by die koste aan die begin van die jaar om die koste aan die einde te kry.
- B Ignoreer dit, want volgens die AARP beginsel van omsigtigheid word winste nie getoon voordat hulle gemaak is nie.
- C **Voertuie:** Skryf die drawaarde van die voertuig wat verkoop is langs vervreemdings.
- D Skryf die R650 000 vir die aankoop in.
Teoreties – om die Koste aan die einde uit te werk: $R600\,000 + R650\,000 - 600\,000 = R650\,000$ en om die Opgehoopte waardevermindering aan die einde uit te werk: $R362\,500 + R130\,000 [G] - R362\,500$. Aangesien hulle die enigste voertuig verkoop het, skryf jy net die nuwe voertuig se koste en waardevermindering vir die jaar in.

Werk Terug

- E **Toerusting:** Werk die drawaarde van die verkoopte toerusting uit d.w.s. $R42\,000 - R14\,500 = R27\,500$ en skryf dit langs vervreemdings neer.
- F Vul die koste in van die nuwe toerusting wat gekoop is, R35 000.
Om die totale bo te kry, doen jy die teenoorgestelde as wat jy vir voertuie gedoen het omdat jy van die einde af terugwerk na die begin.
Koste aan die begin: begin met die Koste aan die einde, R243 000 en
- trek die Toevoegings teen 'n koste van R35 000 af
 - en tel die Koste van die rekenaar wat verkoop is by, $R42\,000 = R250\,000$.
- Om die Opgehoopte waardevermindering aan die begin uit te werk: begin met R97 330 (einde) en trek R25 855 [G] af, en tel R14 500 [E] weer by om R85 975 te kry.

Die redes vir die verkoop van 'n voertuig of toerusting

- Die onderneming het 'n vervangingsbeleid, d.w.s. voertuie sal na 5 jaar ingeruil word en hierdie tyd het verstryk.
- Die bate is te duur om te behou, bv. 'n afleweringsvoertuig het gedurig herstelwerk nodig, of gebruik te veel brandstof.
- Die bate word nie ten volle gebruik nie, bv. 'n rekenaar word glad nie gebruik nie.

TASBARE BATES – DIE INTERNE OUDITEUR SE PLIGTE

Grond en geboue

Hy moet verseker dat die perseel ten volle gebruik word. Indien nie, moet hy aan die bestuur voorstel dat die ongebruikte deel verkoop of verhuur word, om inkomste te verdien.

Voertuie en Toerusting

Hy moet die Vastebateregister gereeld nagaan om seker te maak dat dit bygewerk word en dat alle besonderhede van nuwe bates wat aangekoop word, korrek volgens die fakture opgeteken word.

Hy moet gereeld 'n werklike fisiese ondersoek doen om te verseker dat:

- die bates gebruik word vir die doel waarvoor dit aangekoop is, en
- dit is waar dit behoort te wees – nie by 'n personeellid se huis nie.



Hy moet sorg dat alle bates behoorlik verseker is.

Hy moet die koste van die gebruik van die bates ontleed om te bepaal wanneer hulle vervang moet word, d.w.s. ingeruil word vir 'n nuwe, doeltreffender model. Enige bate wat nie ten volle gebruik word nie, moet verkoop word.

TASBARE BATES – DIE EKSTERNE OUDITEUR SE PLIGTE

Grond en geboue

Hy moet die transportaktes nagaan om seker te maak dat die onderneming in werklikheid die eiendom besit wat in die Staat van Finansiële Posisie weerspieël word. Hierdie transportaktes moet op 'n veilige plek bewaar word, bv. 'n bankkluis, aangesien dit die enigste bewys van eiendomsbesit is. Hy behoort die toestand van die geboue na te gaan. Word dit in stand gehou? Indien nie, moet hulle waarde verminder word? Hy behoort die markwaarde teen die koste in die Algemene Grootboek te kontroleer. As die waarde laer is, moet hy die redes ondersoek. Moet die eiendom gedevalueer word. Slegs 'n gekwalifiseerde waardeerder kan dit beantwoord.

Voertuie en Toerusting

Hy moet alle aankope teen die fakture kontroleer om te verseker dat die inskrywings korrek is, en fisies nagaan dat die bates in die Vastebateregister is waar hulle moet wees. Hy moet ook nagaan dat die waardevermindering-inskrywings korrek bereken is en dat 'n toepaslike koers gebruik i.



Doen nou VRAE 39 tot 45 op bl. 105 – 110.

Totale koste van produksie

Dit is die totaal van die direkte materiaalkoste (grondstofkoste) en die direkte arbeidskoste en die fabrieksboekoste

van die produkte waaraan daar in hierdie rekeningkundige periode gewerk is – waarvan 'n gedeelte nie voltooi is nie.

Goedere-in-bewerkingvoorraad

Dit is die **onvoltooide** produkte aan die einde van die rekeningkundige periode en is dus nog nie gereed vir verkoop nie. Dit sal aan die begin van die volgende rekeningkundige periode voltooi word en sal dus steeds in die fabriek wees.

'n Aansuiwering moet gemaak word as daar aan die begin en/of einde van die jaar goedere-in-bewerking is, voordat die produksiekoste van voltooide goedere bereken kan word.

Doen VRAE 80 & 81 op bl. 140 – 141, om seker te maak jy ken die terminologie.

DIE PRODUKSIEKOSTESTAAT

Die Produksiekostestaat, soos die ander finansiële state, is 'n middel tot 'n doel. Die syfers in hierdie staat word gebruik om die koste per eenheid van elke element van 'n produk te bereken. Dit is baie belangrik aangesien die bestuur die doeltreffendheid van die fabriek vanjaar kan ontleed deur die verskeie koste per eenheid met dié van die vorige jaar te vergelyk. Belangrike besluite kan dan geneem word oor die produkte wat in die volgende jaar gemaak moet word.

Hoe om die Produksiekostestaat te doen – Stapsgewys

Kyk na die Antwoordblad om te bepaal of

- a) al die bewoording ingeskryf is
- b) net 'n deel van die bewoording in is
- c) dit onbeskrewe is.

Jy het drie keuses:

- a) Lees die vraag deur en skryf al die syfers tussen hakies langs die bewoording. Doen dan die aansuiwerings/addisionele inligting direk op die Antwoordblad.
- b) Skryf die ontbrekende bewoording en enige syfers wat jy kry langs die bewoording neer terwyl jy deur die vraag lees. Konsentreer dan op die aansuiwerings.
- c) Doen die aansuiwerings van die syfers op die vraestel en skryf dan terselfdertyd die bewoording en die syfers tussen hakies in.

Onthou om alle veranderings aan syfers op die Antwoordblad te toon.

Doen eers die:

NOTAS TOT DIE PRODUKSIEKOSTESTAAT

1. Direkte (grondstof) materiaalkoste	
Saldo aan begin van jaar (lees die datums noukeurig)	x
Aankope (netto) (d.w.s. kontant- + kredietaankope - terugsendings)	x
Vraggeld op aankope/inwaarts (of Doeanebelasting)	x
	xxx
Saldo aan einde van jaar ('n aansuiwering of in addisionele inligting)	(xx)
	A
2. Direkte arbeidskoste	
Direkte lone (doen aansuiwering indien nodig)	x
Pensioenfonds/Mediese hulpfonds/WVF-bydraes	x
	B
3. Fabrieksboekoste	
Indirekte fabriekslone (insluitend bydraes)	x
Indirekte materiaal van fabriek (beginvoorraad + aankope - slotvoorraad)	x
Fabriekshuur (slegs deel van toepassing op fabrieksruimte)	x
Waardevermindering op fabrieksmasjinerie (of ander vaste bate)	x
Instandhouding – fabrieksaanleg	x
Fabriekselektrisiteit, ens.	x
	C

Gebruik dan die totale in die

PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2015

	NOTA	
Direkte materiaalkoste	1.	A
Direkte arbeidskoste	2.	B
Primêre koste		xx
Fabrieksboekoste	3.	C
Totale koste van produksie		xx
Goedere-in-bewerking aan begin van jaar		x
		xx
Goedere-in-bewerking aan einde van jaar		(xx)
Koste van produksie van klaarprodukte		xxx

Hierdie staat en die notas is baie eenvoudig, veral as jy die Graad 11-werk onthou. In Vraag 3 word die grootboekrekeninge aan jou gegee om jou te herinner aan die inligting wat elkeen bevat, want dit is wat in die notas en die staat self omgeskakel word.

Doen nou VRAAG 82 op bl. 142 om die uitleg van die staat en die notas te bemeester.

**VRAAG 14 – STAAT VAN
OMVATTENDE INKOMSTE**

(47 punte; 27 minute)

KOJAK HANDELAARS BEPERK

Hierdie onderneming verkoop net vir kontant. Gebruik die volgende inligting om die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar op te stel.

UITTREKSEL UIT VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 30 JUNIE 2014

	Debiet	Krediet
Voertuie	480 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		175 000
Toerusting	250 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		75 000
Handelsvoorraad	245 900	
SAID (inkomstebelasting)	68 500	
Bankkoste	18 560	
Kommissie-inkomste		51 500
Versekering	19 040	
Rente op lopende bankrekening		156
Verpakkingsmateriaal	37 500	
Huurinkomste		65 000
Salarisse en lone (insluitend bydraes)	235 000	

AANSUIWERINGS

- 'n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2014 het getoon dat voorraad voorhande R248 500 gekos het, en verpakkingsmateriaal voorhande R4 500 gekos het.
- Voorsiening vir waardevermindering op voertuie is 20% p.j. op drawaarde en op toerusting 15% per jaar op kosprys. Neem in aanmerking dat 'n nuwe voertuig wat R180 000 gekos het op 1 Maart 2014 gekoop is.
- 'n Nuwe werknemer wat op 1 Junie 2014 begin werk het, is per ongeluk uit die Junie-salarisjoernaal weggelaat. Die detail is soos volg:
Bruto maandelikse salaris, R15 000;
Aftrekkings: LBS, R2 700; Pensioenfonds, 5%; WVF, 1%.
Vir elke R1 wat die werknemer tot die pensioenfonds bydra, dra die werkgewer R1,50 by. WVF is op 'n rand-vir-rand-basis.
- Die staat wat op 1 Julie van die bank ontvang is, toon dat die rekening met die volgende gedebiteer is: diensgeld R315, depositoboek R45. Die rekening is met rente van R92 gekrediteer.
- Kojak verkoop goedere vir 10% kommissie namens J Bond. Totale verkope hierdie jaar het R600 000 beloop.
- Versekering is vir 14 maande betaal. Die premie het onveranderd gebly.
- Die huurder betaal R5 000 per maand.

KOJAK HANDELAARS BEPERK

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2014

Verkope	1 816 200
Koste van verkope	1 135 125
Bruto wins	
Ander bedryfsinkomste	
Bedryfsuitgawes	
Ouditfooie	11 500
Direkteursfooie	44 000
Eiendomsbelasting, instandhouding en herstelwerk aan eiendom	40 738
Diverse bedryfsuitgawes	56 610
Bedryfswins	
Rente-inkomste	
Wins voor rente-uitgawe	
Rente-uitgawe	(22 500)
Wins voor belasting	
Inkomstebelasting (30% van netto wins)	
Netto wins vir die jaar	



NETHERFIELD BEPERK**KONTANTVLOEISTAAT VIR JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2015** (17)

	NOTA	
Kontantgevolge uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantgevolge uit beleggingsaktiwiteite		
Kontantgevolge uit finansieringsaktiwiteite		

UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG:**Ouditmening – Aan die aandeelhouders**

Ons het die jaarlikse finansiële state van Netherfield Beperk, soos op bladsye 6 tot 12 uiteengesit, wat die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2015, die Staat van Omvattende Inkomste en Kontantvloeistaat vir die jaar en die Notas insluit, geoudit.

Na ons mening is die jaarlikse finansiële state 'n billike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die finansiële posisie van die maatskappy op 28 Februarie 2015 en die finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaareinde, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en soos deur die Maatskappyyewet in Suid-Afrika vereis.

Bennet & Bingley

Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure

14 Julie 2015

Kaapstad

BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE:

- Sal die aandeelhouders tevrede wees met hierdie auditverslag? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

- Verduidelik waarom die ouditeure die bladsynommers 6 tot 12 in hierdie verslag stipuleer. (2)

- Die ouditeursverslag verwys na die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS). Verduidelik waarom ouditeure die IFRS in aanmerking moet neem wanneer hulle hul mening gee. (2)

- Verduidelik TWEE belangrike gevolge vir Bennet & Bingley as hulle nalatig sou wees in die uitvoering van hul pligte. (4)

- Die Maatskappyyewet van 2008 gee 'n maatskappy die reg om sy aandele van aandeelhouders terug te koop op voorwaarde dat dit op daardie tydstip solvent en likied is en vir die volgende jaar so bly. Verduidelik die verskil tussen solvensie en likiditeit. (2)

- Onder watter omstandighede kan 'n maatskappy om 'sakeredding' aansoek doen? Gee TWEE redes waarom dit tot voordeel van 'n maatskappy sal wees. (5)

6 REKONSILIASIES

VRAAG 55 – MERK DIE KOLOM

(9 punte; 5 minute)

Merk die kolom om aan te dui watter effek die volgende foute sal hê op die Kontrolerekening en/of die Lys van saldo's uit die Hulp grootboeke geneem. (½ per fout)

FOUT	KONTROLEREKENING		LYS VAN SALDO'S	
	korrek	geen effek	korrek	geen effek
1. Inskrywing uit Hulpjoernaal weggelaat				
2. Verkeerde bedrag in Hulpjoernaal				
3. Inskrywing in verkeerde Hulpjoernaal				
4. Hulpjoernaal verkeerd opgetel				
5. Inskrywing na verkeerde persoon se rekening oorgeboek				
6. Inskrywing na verkeerde kant van regte persoon se rekening oorgeboek				
7. Persoon se saldo verkeerd opgetel				
8. Oorboeking na kontrolerekening verkeerd				
9. Kontrolerekening verkeerd opgetel				

KREDITEURVERSOENING

VRAAG 56 – VERTOLKING VAN KREDITEUR-KONTROLEREKENING

(23 punte; 13 minute)

Bestudeer die onderstaande grootboekrekening en beantwoord dan die vrae.

ALGEMENE GROOTBOEK VAN OUTA SPACE VERSKAFFERS KREDITEURKONTROLE

Mrt 31	Bank en			Mrt 1	Saldo	a/b	212 000
	korting ontvang	KBJ	183 500	31	[A]	KJ	150 000
	[B]	KAJ	11 800		[C]	AJ	3 000
	Joernaaldebite	AJ	200		Bank	[D]	500
	Saldo	o/d	170 000				
			365 500				365 500
				Apr 1	Saldo	a/b	170 000

VRAE OM TE BEANTWOORD:

- In watter afdeling van die grootboek sal jy hierdie rekening aantref? Waarom? (2)
- Verskaf die kontrarekening-besonderhede vir die inskrywing van R150 000 [A] en die brondokument wat hierdie inskrywing steun. (2)
- Gee TWEE voorbeelde van items wat by [A] ingesluit kon gewees het. (2)
- Verskaf die kontrarekening-besonderhede vir die inskrywing [B] en die brondokument wat die inskrywing steun. (2)
- Gee TWEE voorbeelde van transaksies wat by [B] ingesluit kon gewees het. (2)
- Watter dokument sal die krediteur aan die onderneming stuur as hy met Vraag 5 saamstem? (1)
- Verskaf die teenbesonderhede vir die inskrywing [C] en die brondokument wat die inskrywing steun. (2)
- Gee EEN moontlike rede vir hierdie inskrywing van R3 000. (1)
- Verskaf die folioverwysing by [D]. (1)
- Gee 'n moontlike rede vir hierdie inskrywing van R500. [D] (1)
- Hoe sal die rekenmeester die eindsaldo van R170 000 intern nagaan? (2)
- Dit is uiters belangrik dat die rekenmeester iets anders doen om elke individuele krediteur se saldo na te gaan. Wat is dit en waarom is dit 'n uitstekende idee? (5)

**VRAAG 85 – PRODUKSIEKOSTESTAAT
& BEREKENINGE**

(75 punte; 45 minute)

SHINY SHOES BEPERK

Hierdie privaat maatskappy in besit van Solly Skoenwaks maak blink skoene van hoë gehalte vir mans. Die volgende inligting word aan die einde van die finansiële jaar 2015 uit die boeke gehaal.

VOORRAADSALDO'S: begin en einde – dit is geboekstaaf.

FABRIEKSBEDRYGWIGHEID

Aantal fabriekswerkers in diens om die skoene te maak	10 werknemers
Gewone ure gewerk deur elke fabriekswerker gedurende die jaar	2 200 uur
Oortyd gewerk deur elke fabriekswerker gedurende die jaar	100 uur
Loontarief (gewone tyd)	R30 per uur
Loontarief (oortyd)	R45 per uur
Bydraes op gewone tyd gegrond: Pensioen 6% en WVF 1%.	

TRANSAKSIES VIR DIE JAAR

Administratiewe uitgawes	212 000
Advertensies	195 000
Vraggeld op grondstowwe aangekoop en per EFO betaal	38 400
Kommissie op verkope	5% van verkope
Foutiewe grondstowwe aan verskaffers teruggestuur	46 200
Elektrisiteit: fabriek: R78 400, kantoor: R15 600, winkel R15 600	109 600
Fabriek se indirekte materiaal aangekoop	44 400
Instandhouding van fabriek	52 640
Grondstowwe vir kontant aangekoop	240 000
Grondstowwe op krediet aangekoop	766 040
Huur (om volgens deel van vloeroppervlakte toegeken te word)	288 000
Salarisse: fabrieksvoorman en skoonmaker (insluitend alle bydraes)	101 760
kantoorwerkers (insluitend alle bydraes)	140 000
Verkoop van klaarprodukte	3 825 600

ADDISIONELE INLIGTING

- Vloeroppervlakte – fabriek: 2 000 vk. m; kantoor: 500 vk. m; verkope: 500 vk. m.
- Waardevermindering – fabrieksmasjinerie: R78 000; kantoor-toerusting: R8 000 afleveringsvoertuie: R85 020.
- Verbruiksgoedere voorhande (alle indirekte fabrieksgrondstowwe) op 31.12.2015, R4 400.

JY WORD GEVRA OM DIE VOLGENDE OP TE STEL :

1. PRODUKSIEKOSTESTAAT VIR JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2015 (6)

	NOTA	
Direkte materiaalkoste		
Direkte arbeidskoste		
Primêre koste		
Fabrieksbokoste		
Totale koste van produksie		
Goedere-in-bewerking aan begin van jaar		90 800
Goedere-in-bewerking aan einde van jaar		–
Koste van produksie van klaarprodukte		

2. INKOMSTESTAAT VIR JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2015 (6)

	NOTA	
Verkope		
Koste van verkope		
Bruto wins		
Administratiewe koste	4.	
Verkoops- en verspreidingskoste	5.	
Netto wins		

3. NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE

1. Direkte materiaalkoste (7)	
Saldo aan begin van jaar	38 640
Aankope	
Vraggeld op aankope	
Saldo aan einde van jaar	(21 680)
2. Direkte arbeidskoste (8)	
Direkte lone	
Pensioenfondsbydrae	
Werkloosheidversekeringsfondsbydrae	

Eiendom, toerusting en voertuie aangekoop:



DW verlede jaar	+	-	- Waarde- vermindering	- DW hierdie jaar
2 250 000	✓	(1 550 000)	(125 640)	824 360

- 4.1 Die eiendom in die eksklusiewe Kaapstadse voorstad is vir R1 550 000 verkoop. ✓
Die maatskappy het nie ander persele gekoop nie. Hy huur 'n perseel, wat miskien meer koste-effektief is. ✓ Dit het die maatskappy se kontantposisie van 'n oortrokke rekening van R189 500 tot 'n gunstige saldo van R276 500 verbeter. Dit het hom ook in staat getel om die lening af te betaal en die belegging te verhoog. ✓ (enige een)
Die lening van R940 000 is heeltemal afbetaal. ✓ Dit het die skuld-ekwiteit-verhouding van 0,6 : 1 tot 0 : 1 verbeter. ✓ Dit beteken daar is geen rente om te betaal nie en as die maatskappy moet, kan hy maklik geld leen omdat die hefboomfinansiering laag is. ✓

4.2 Voordeel:

- die waarde van die eiendom kan deur die jare toeneem, wat die maatskappy 'n bate (die verband) gee om as sekuriteit vir die leen van geld te gebruik. ✓ ✓ OF
die maatskappy sal nie onderworpe wees aan die styging in huurgeld wanneer die verhuurder sy inkomste wil verhoog nie.

Nadeel:

- Eienaars van eiendom gaan baie koste aan, soos eiendomsbelasting, versekering, water, herstelwerk en instandhouding, ens. ✓ ✓

4.3 Bedryfsverhouding: bedryfsbates : bedryfslaste
= 725 640 ✓ : 438 160 ✓ = 1,7 : 1 ✓

Dit is 'n baie bevredigende verbetering ✓ op die baie onbevredigende 0,9 : 1 van verlede jaar. ✓ Pemberley sal geen moeite ondervind om vanjaar sy bedryfsuitgawes te betaal nie omdat daar ook kontant in die belegging beskikbaar is. ✓

4.4 Bedryfsbates minus voorraad : bedryfslaste
= 725 640 ✓ - 256 450 ✓ : 438 160 = 1,1 : 1 ✓

Hierdie verhouding het verbeter ✓ van 'n kommerwekkende 0,4 : 1 verlede jaar tot 'n aanvaarbare verhouding hierdie jaar. ✓ Die geld wat hy van debiteure sal ontvang en die geld alreeds in die bank, is genoeg om alle bedrae wat tans verskuldig is te betaal. ✓

4.5 $\frac{\text{koste van verkope}}{\text{gemiddelde voorraad}} : \frac{1\ 358\ 430 \checkmark}{\frac{1}{2}(256\ 450 \checkmark + 297\ 900 \checkmark)} = \frac{1\ 358\ 430}{277\ 175 \checkmark} = 4,9 \text{ keer per jaar} \checkmark$

Dit is 'n bevredigende verbetering teenoor 3,2 keer per jaar in 2013. ✓
Dit beteken dat die voorraad vir 'n korter tydperk op die rakke bly en vinniger kontant inbring. ✓

4.6 $\frac{\text{Gemiddelde debiteure} \times 365}{\text{kredietverkope}} = \frac{\frac{1}{2}(152\ 660 \checkmark + 212\ 600) \checkmark \times 365}{2\ 264\ 050 \checkmark \times 0,75 \checkmark} = \frac{182\ 630 \times 365}{1\ 698\ 037,5} = 39,3 \text{ dae} \checkmark$

Dit is verbetering ✓ teenoor verlede jaar se 56 dae. Dit behoort die maatskappy se doelwit te wees om dit in 2015 nader aan 30 dae te kry. ✓

4.7 $\frac{\text{Gemiddelde krediteure} \times 365}{\text{krediet aankope}} = \frac{\frac{1}{2}(205\ 660 \checkmark + 177\ 500 \checkmark) \times 365}{1\ 358\ 430 \checkmark \times 0,7 \checkmark} = \frac{191\ 580 \times 365}{950\ 901} = 73,5 \text{ dae} \checkmark$

Dit is ook 'n verbetering vergeleke met 2014 ✓ toe krediteure in 48 dae betaal is, d.w.s. voordat die geld van debiteure ontvang is. ✓

- 4.8
- Ja, ✓ ek sal nou aandele in die maatskappy koop. Die nuwe bestuur onder mnr. D'arcy het al die opbrengste en verhoudings verbeter en die maatskappy word doeltreffend bedryf. ✓
 - Die maatskappy het genoeg kontant beskikbaar om sy bedrywighede volgende jaar selfs verder uit te brei. ✓

VRAAG 36

TOAD HALL TOYS BEPERK

1. REKONSILIASIE TUSSEN NETTO WINS VOOR BELASTING EN KONTANT UIT BEDRYWIGHEDEN GEGENEREER

Netto wins voor belasting (225 846 ✓ + 87 829 ✓)	313 675 ✓
Aansuiwerings as gevolg van:	
Waardevermindering	74 400 ✓
Rente-uitgawe (10 125 ✓ + 11 250 ✓ + 6 750 ✓)	28 125 ✓
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	416 200 ✓
Kontantgevolge uit veranderinge in bedryfskapitaal	85 454 ✓
Kontant uit bedrywighede gegenerereer	501 654 ✓



Rente op lening: $150\ 000 \times 0,9 \times 9/12 = 10\ 125$
 $500\ 000 \times 0,9 \times 3/12 = 11\ 250$ R21 375

VRAAG 42

TOVEY VERVOERDERS BEPERK

1. NOTA TOT DIE FINANSIËLE STATE OP 28 FEBRUARIE 2015

TASBARE BATES			Voertuie	
Drawaarde aan begin van jaar			536 875	✓
Kosprys	(250 000 + 450 000)	(bl. 1 en 2)	700 000	✓✓
Opgehoopte waardevermindering	(112 500 + 50 625)	(bl. 1 en 2)	(163 125)	✓✓
Bewegings				
Toevoegings teen kosprys		(bl. 3)	600 000	✓
Vervreemdings teen drawaarde		(bl. 1)	(109 375)	✓
Waardevermindering	(28 125 + 67 500 + 22 500)	(bl. 1, 2 & 3)	(118 125)	✓✓✓
Drawaarde aan einde van jaar			909 375	✓
Kosprys	(450 000 + 600 000)	(bl. 2 en 3)	1 050 000	✓✓
Opgehoopte waardevermindering	(118 125 + 22 500)	(bl. 2 en 3)	(140 625)	✓✓

- Verlies met verkoop van Nissan-vragmotor: Drawaarde - Verkoopprys
109 375✓ - 80 000✓ = **R29 375✓**
- Dit is ingeruil✓ omdat dit op dieselfde dag verkoop is✓ as wat die Hyundai vragmotor by Tshabalala Trucks Bpk. gekoop is,✓ d.w.s. 30 November 2014.
- Gebruiksduur verwys na die aantal jare✓ wat die bate na verwagting deur die onderneming gebruik sal word.✓
- Nee,✓ omdat 'n waardeverminderingkoers van 15% p.j.✓ beteken dat die gebruiksduur van die bate na verwagting 6½ jaar sal wees.✓ (100/15) Dit is onrealisties om te verwag dat 'n afleweringvoertuig so lank sal hou.✓ Die Nissan-vragmotor is na slegs 3 jaar en 9 maande verkoop.✓

VRAAG 43

BARKER BROERS BOEKWINKELS

1. BATEVERKOPE

2014 Des 31	Toerusting✓ (4 × 7 500)	30 000✓✓	2014 Des 31	Opgehoopte waardevermindering op toerusting✓ *** Bank✓ (versekerings- eis) * Verlies met verkoop/ diefstal van bate✓ **	11 250✓✓ 10 000✓✓ 8 750✓✓ 30 000
		30 000			

* 4 × R2 500

** Vervreemdings teen drawaarde in die Vastebatenota is R18 750.
As hulle R10 000 ontvang het, het hulle 'n verlies van R8 750 gely.

*** As die kosprys R30 000 was, is die opg. waardevermindering R30 000 - R18 750

Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

$$2.1 \quad R288\,750✓ + R131\,250✓ = R420\,000✓ \text{ OF } R879\,000 - R144\,000 - R315\,000$$

2.2 Dit is baie oud en is ten volle afgeskryf.✓ Dit moet in die boeke gelaat word teen 'n waarde van R1 aangesien dit steeds bestaan / nog nie verkoop is nie / nog nie die einde van sy gebruiksduur bereik het nie.✓

2.3 Waardeverminderingkoers is 25% p.j.✓ aangesien hulle die voertuig vir 4 jaar gehad het.✓ (1 Julie 2011 tot 30 Junie 2015) $(219\,749/879\,000 \times 100 = 24,99)$

3. Dit stel die interne ouditeur in staat om beheer oor bates uit te oefen aangesien hy elke individuele bate deur middel van fabrikaat en model kan identifiseer, en dus presies kan bepaal waar al die bates is, en of enige daarvan weg is.✓✓

Hy sal in staat wees om die volledige geskiedenis van elke bate te sien en te verseker dat alles behoorlik gewaardeer word / waardevermindering afgeskryf word, ens., sodat die finansiële state betroubaar en akkuraat is.✓✓

4. Ek stem saam met Clive.✓ As die onderneming die geld benodig het, kon hulle 'n verband uitneem en die eiendom as sekuriteit gebruik het.✓✓ OF

Eiendom is een van die beste beleggings wat jy kan hê, aangesien dit met verloop van tyd in waarde toeneem. OF

Hulle sal in die toekoms te min ruimte hê – behalwe as dit oortollige ruimte was. OF

Dit is ondenkbaar dat iemand eiendom teen kosprys sal verkoop, behalwe as dit baie onlangs, of in die 'verkeerde' gebied gekoop is.

ALTERNATIEF

Ek stem saam met Colin se besluit omdat die eiendom nie ten volle gebruik is nie en die koste, bv. munisipale belasting, gedurig toeneem. OF

Die eiendom is in 'n gebied waar dit nie in waarde gaan toeneem nie.

5. Ek sal Di aanraai om Clive van Colin se oneerlike seun te vertel aangesien hy moet weet wat aangaan en watter probleme hy in die toekoms kan ondervind.✓✓ OF

Ek sal haar aanraai om vir Clive te sê om nie teen versekering te eis nie omdat dit oneties sal wees. OF

As hy nie na haar luister nie, sal ek haar aanraai om hom te verkla, d.w.s. die versekeringsmaatskappy daarvan te vertel.



$$\begin{aligned}
 2.1 \text{ Koste van verkope: } & \text{beginvoorraad} + \text{ aankope} + \text{ doeanebel.} \\
 (\text{hemde}) &= 264\,000 \checkmark [1] + (\$68\,400 \times 10) 684\,000 \checkmark [2] + 68\,400 \checkmark [3.1] \\
 &= 1\,016\,400 \checkmark - 275\,000 \checkmark \text{ eindvoorraad (1.2)} = \mathbf{R741\,400 \checkmark}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 2.2 \text{ Winsopslag op kosprys (hemde):} \\
 \frac{\text{bruto wins} \times 100}{\text{koste van verkope}} &= \frac{1\,334\,520 [4] \checkmark - 741\,400 \checkmark}{741\,400 \checkmark} (2.1) \\
 &= \frac{593\,120 \times 100}{741\,400} = \mathbf{80\% \checkmark}
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 2.3 \text{ Maande se voorraad voorhande: } & \frac{\text{eindvoorraad} \times 12}{\text{koste van verkope}} = \frac{275\,000 \checkmark \times 12}{741\,400 \checkmark} \\
 &= \mathbf{4,5 \text{ maande} \checkmark \checkmark}
 \end{aligned}$$

2.4 Sy het 'n groot voorraad voorhande omdat die hemde uit die VSA ingevoer word en dit lank kan duur voordat dit in Johannesburg aankom. ✓✓

VRAAG 54

WONDERFUL WASMASJIENE CAVENDISH (MO)



PROBLEEM

Mo verkoop nie genoeg wasmasjiene nie. Daar was 300 te koop, maar sy het net 175 verkoop. Dit is onaanvaarbaar omdat R80 000 aan advertensies bestee is. Dit is twee keer soveel as wat Flo bestee het en sy het 400 masjiene verkoop. ✓✓

Die tak ly 'n verlies. R11 500 verkope - R7 500 koste van verkope = R4 000 × 175 laat net R700 000 om uitgawes te dek, wat R1 160 000 (80 000 + 720 000 + 360 000) beloop.

OPLOSSING

Sally moet Mo help met haar advertensieveldtog aangesien dit nie op die oomblik doeltreffend is nie. Miskien adverteer sy in die verkeerde medium, d.w.s. op plekke wat nie normaalweg deur die mense wat by Cavendish inkopies doen, gelees word nie. ✓✓ OF

Die winkel moet uit hierdie baie duur sentrum verskuif na 'n goedkoper perseel daar naby. OF

Hierdie is die verkeerde omgewing om wasmasjiene te verkoop aangesien al die winkels in die sentrum baie duur, eksklusiewe mode- en juwelierswinkels en restaurante is. Sluit die winkel as daar geen ander oplossing is nie aangesien dit nie winsgewend is nie. OF

Mo se salaris behoort grootliks af te hang van die aantal masjiene wat verkoop word. Dit sal haar aanspoor om nie lui te wees nie en goeie diens aan klante wat die winkel binnekom, te lewer.

BLUE ROUTE (FLO)

PROBLEEM

Diefstal van voorraad (voorraadverlies) is die probleem. As 400 wasmasjiene verkoop is, behoort daar 100 in voorraad te wees (500 - 400). Daar is egter net 75 in voorraad aan die einde van die jaar, wat beteken 25 het verdwyn. Die koste van hierdie 25 wasmasjiene is R187 500, wat 'n groot invloed op die netto wins het. ✓✓

OPLOSSING

Beheer oor die fisiese voorraad moet verbeter word. Die voorraad, in die winkel sowel as die pakkamer, behoort gereeld getel en vergelyk te word met die getalle wat gekoop en verkoop word. ✓✓

OF

Maatreëls moet ingestel word om diefstal uit te skakel. Elke wasmasjiene behoort 'n elektroniese toestel te hê wat 'n alarm aanskakel as die dit deur die deur beweeg sonder dat dit gedeaktiveer is (wat net kan gebeur as die dit verkoop word). OF

Installeer 'n kamera in die uitstalruimte. OF

Flo kan verantwoordelik gehou word vir enige voorraad wat wegraak, bv. 'n vermindering in salaris.

TYGERVALLEY (JO)

PROBLEEM

Jo se advertensie-uitgawe is te hoog aangesien sy R100 000 bestee het om 300 wasmasjiene te verkoop, terwyl Flo slegs R40 000 bestee het om 400 masjiene te verkoop. ✓✓ OF

Jo het aan die einde van die jaar geen voorraad oor nie. Dit kan beteken dat klante wat wasmasjiene wil hê, na mededingers moes gaan om dit te koop.

OPLOSSING

Jo moet die aanvulling van haar voorraad verbeter sodat daar altyd wasmasjiene op die vloer is om te verkoop. ✓✓ OF

Sally moet haar help met haar advertensieveldtog om te sorg dat dit doeltreffend is en dat sy nie oorbestede nie.



Hierdie soort vraag is nie maklik om binne die toegelate tyd te beantwoord nie. As dit in die voorraadafdeling voorkom, kyk eers daarna en sê wat ook al jou byval. Dit is nie baie punte werd nie; moet dus nie te veel tyd daaraan bestee nie.

7 BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)

VRAAG 72

	TOTAAL AAN VERSKAFFER BETAAL	INSET- BTW	WERKLIKE KOSPRYS	WINS- OPSLAG %	VERKOOP- PRYS	UITSET- BTW	TOTAAL ONTVANG
1.	11 500	1 500	10 000	20%	12 000	1 800	13 800
2.	6 440	840	5 600	10%	6 160	924	7 084
3.	345	45	300	150%	750	112,50	862,50
4.	5 060	660	4 400	25%	5 500	825	6 325
5.	920	120	800	100%	1 600	240	1 840
6.	7 360	960	6 400	50%	9 600	1 440	11 040
7.	2 587,50	337,50	2 250	33⅓%	3 000	450	3 450
8.	9 660	1 260	8 400	40%	11 760	1 764	13 524
9.	4 312,50	562,50	3 750	60%	6 000	900	6 900
10.	1 725	225	1 500	66⅔%	2 500	375	2 875

Hoe om hierdie berekening te doen:

Vra jou eers af – wil ek 'n groter antwoord hê? = vermenigvuldig
of wil ek 'n kleiner antwoord hê? = deel



- $11\,500/1,15 = 10\,000 \times 1,2 = 12\,000 \times 0,15 = 1\,800$
- $840/0,15 = 5\,600 \times 1,1 = 6\,160 \times 0,15 = 924$
- $300 \times 0,15 = 45$ en $300 \times 2,5 = 750 \times 0,15 = 112,50$
- $6\,325/1,15 = 5\,500/1,25 = 4\,400 \times 0,15 = 660$ en $5\,500 \times 0,15 = 825$



Moenie net twee syfers aftrek om BTW te bepaal nie,
want dit sal jou nie wys as jy 'n fout gemaak het nie.

VRAAG 73

- | | | | | |
|-------|-------|-------|-------|-------|
| 1. A | 2. A | 3. B | 4. B | 5. B |
| 6. A | 7. B | 8. A | 9. A | 10. B |
| 11. A | 12. A | 13. A | 14. A | 15. B |
| 16. B | 17. A | 18. A | 19. A | 20. A |
| 21. B | 22. A | 23. B | 24. B | |

VRAAG 74

WHALE BEPERK

- In die Balansstaatafdeling✓ want BTW-kontrole en Uitset-BTW is gewoonlik laste en Inset-BTW is 'n negatiewe las (bate).✓
- Aan die kredietkant✓ want dit is die bedrag wat die onderneming namens SAID ingevorder het en nou aan SAID verskuldig is.✓
- Die Inset-BTW-bedrag sal aan die debietkant wees.✓ Dit verteenwoordig die BTW wat die onderneming op alle uitgawes wat aangegaan is, betaal het en wat hy van SAID terugeis deur die bedrag wat hy aan SAID skuld, te verminder.✓ OF SAID sal die bedrag terugbetaal as die saldo op die BTW-kontrolerekening debiet is.
- Whale Beperk het die bedrag betaal wat hy vir verlede maand se BTW✓ aan SAID geskuld het.✓
- Bank✓
- BTW wat ingesluit word by kontant wat ontvang is vir verkope✓ en dienste wat gelewer is.✓
- KBJ✓ Inset-BTW wat betaal is op voorraad, skryfbehoeftes, herstelwerk, ens.✓ vir gebruik in die onderneming.✓
- Krediteurekontrole✓
- Nee.✓ Die fakture moet beskikbaar wees as bewys van transaksies✓ wanneer die SAID-inspekteur kom om al die dokumente na te gaan.✓
- DJ✓ Duplikaatkature✓ (LW: net ½ punte as duplikaat nie gemeld word nie!)
- KAJ✓ Duplikaatdebitnotas✓ (Whale Beperk stel hierdie dokument op en lig die krediteur in dat sy rekening gedebiteer is om die bedrag wat hy skuld, te verlaag.)
- Whale Beperk het iets teruggestuur, bv. handelsvoorraad/skryfbehoeftes, ens., omdat dit nie was wat hy bestel het nie, of van lae gehalte was, of beskadig was.✓ 'n Korting is geëis omdat die krediteur te veel gevra het, of handelskorting is nie afgetrek nie, of die goedere was effens beskadig, maar is nie teruggestuur nie.✓
- Die onderneming het skryfbehoeftes, voorraad, ens., gekoop of afleweringskoste✓ uit die kleinkas betaal✓. Hierdie pryse het BTW ingesluit. (Moet NIE melk of koffie, ens., meld nie omdat BTW op hierdie items nie opeisbaar is nie.)
- Debiteurekontrole;✓ duplikaatkredietnota.✓